



Vak: Graad 5 Afrikaans

Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 89 Punte

1. bevelsin | vraagsin

4 punte

Verduideliking:

Gaan borsel dadelik jou hare. Dit is 'n **bevelsin** ("imperative sentence").

Waarom is jou klere so vuil? Dit is 'n **vraagsin** ("interrogative sentence").

2. uitroepteken | punt

3 punte

Verduideliking:

Wanneer jy iemand beveel om iets te doen is dit 'n bevel.

'n Bevelsin kan met 'n uitroepteken of 'n punt eindig.

3. bv. | ens.

4 punte

Verduideliking:

Die afkorting van byvoorbeeld is bv. en dié van ensovoorts is ens.

4. C: verlede

4 punte

Verduideliking:

Dit dui aan dat iets klaar gebeur het.

5. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Tydwoorde verander as ons 'n sin van die direkte rede na die indirekte rede verander, bv.:

- Die onderwyser sê: "Die kinders gaan **môre** toets skryf."
- Die onderwyser sê dat die kinders **die volgende dag** toets gaan skryf.

6. waar

2 punte

Verduideliking:

Die teenwoordige tyd word gebruik vir gebeurtenisse wat gereeld, elke dag en nou gebeur.



7. doodstil | dood | tjoepstil | tjoep

3 punte

Verduideliking:

Die **byvoeglike naamwoord** word dikwels versterk met die woord '**dood**'.

- baie stil is **doodstil**,
- baie siek is **doodsiek**,
- baie bang is **doodbang**.

Al hierdie intensiewe vorme word met die **dood** geassosieer.

8. waar

2 punte

Verduideliking:

Die woord "**dood**" word in baie intensiewe vorme gebruik, soos: **doodsiek**, **doodbang**, **doodstil** en **doodmoeg**.

9. hond

3 punte

Verduideliking:

Haastige hond verbrand sy mond:

- Wie haastig is, sal spyt wees.
 - Oorhaastige besluite kan nadelige gevolge hê.
-

10. onwaar

2 punte

Verduideliking:

In die indirekte rede ("indirect speech/reported speech") sal die sin wees:

(Geen dubbelpunt of aanhalingstekens) Alet sê vir Janet **dat** (voegwoord) **sy** (voornaamwoord) 'n goeie vriendin **is** (werkwoord skuif na die einde van die sin).

11. peperduur | spotgoedkoop | skatryk | brandarm

8 punte

Verduideliking:

Intensiewe vorme word gebruik om 'n byvoeglike naamwoord ("adjective") te versterk. Voorbeelde hiervan is:

- *brandarm*, wat *baie arm* beteken
- *skatryk*, wat *baie ryk* beteken
- *peperduur*, wat *baie duur* beteken
- *brandarm*, wat *baie arm* beteken



12. A: Sy het gesê dat hulle die vorige dag by die kerk was.

4 punte

Verduideliking:

Hoe verander die 'n sin van die **direkte** na die **indirekte rede**?

- die dubbelpunt (:) en aanhalingstekens ("...") verdwyn
- "**dat**" word ingesit
- die **werkwoord** skuif na die einde van die sin
- "**ons**" word "**hulle.**"
- "**gister**" word die "**vorige dag**".

13. helder

3 punte

Verduideliking:

Die woord helder beskryf die naamwoord.

14. skoollied | seunskool | kinderstorie | stadsraad

8 punte

Verduideliking:

- Ons verbind basisvorme om woorde te vorm, bv. seun + skool = **seunskool**
- **Verbindingsklanke** het nie betekenis nie. Dit is net 'n **ekstra klank** tussen twee woorde, sodat ons die woord makliker uitspreek, bv.: kind + storie = **kinder**storie en stad + raad = **stads**raad.
- Soms is daar **geen verbindingsklank** tussen twee woorde nie en as die **eerste basisvorm** met dieselfde letter **eindig** as die letter waarmee die **tweede basisvorm begin**, is daar **twee** van dieselfde **konsonant** in die middel van die woord, byvoorbeeld: skool + lied = skool**l**ied

15. bevelsin | bevelsin.

3 punte

Verduideliking:

'n Bevelsin gee 'n **opdrag** aan iemand of iets, soos: "Trek jou skoene aan!"

16. hoenders | duiwel | josie | moer

3 punte

Verduideliking:

Vir iemand die **hoenders/duiwel** in wees, beteken dat jy **kwaad** is vir hom.

17. C: smoor

4 punte

Verduideliking:

Die intensiewe vorm word gebruik om byvoeglike naamwoord te versterk:

Baie, baie kwaad is **smoorkwaad**.



18. C: Die gogga het jou gebyt. 4 punte

Verduideliking:

Die gogga het jou gebyt - jy is baie entoesiasties ("enthusiastic") oor iets.

19. C: Die bal is deur die seun geslaan. 4 punte

Verduideliking:

Onthou om met die naamwoord te begin.

20. nie 3 punte

Verduideliking:

Die voorvoegsel **on-** beteken "**nie**", byvoorbeeld:

- **on** + veilig = **onveilig** (nie veilig nie)
 - **on** + aangenaam = **onaangenaam** (nie aangenaam nie).
-

21. waar 2 punte

Verduideliking:

Ons kan **basisvorme** verbind om woorde te vorm. 'n Woord met meer as een basisvorm word 'n samestelling genoem: vat + baar = **vatbaar**.

22. bedrywende | sal 4 punte

Verduideliking:

Die onderwerp ("subject") is **eerste** in die sin geskryf.

Om te bepaal of 'n woord 'n onderwerp is, vra die vraag: **wie** of **wat** saam met die gesegde.

"**Wie** sal huiswerk doen?"

Ek sal huiswerk doen. **Ek** is die **onderwerp** van die sin.

23. waar 2 punte

Verduideliking:

Die sin is in die bedrywende vorm geskryf.

Dit begin met 'n **onderwerp** (Die kinders), dan volg die **gesegde** (speel) en laastens die **voorwerp** (die park).

24. C: 'n Samestelling. 4 punte

Verduideliking:

Woorde wat uit twee basisvorme gemaak word, is **samestellings**, byvoorbeeld:

seun + skool = seunskool.



25. skelm | sagte

4 punte

Verduideliking:

'n Man is skelm as hy 'n gans steel. Die spesifieke gans is sag.

Totaal: 89 Punte

